**Woensdag 21 Februarie**

| Skrifgedeelte: Hosea 10:9-15 | Fokusgedeelte: Hosea 10:9, 12 |
|---|---|

# Daar is nou nog hoop!

Soos die digter in Klaagliedere 3:22, 23 vasgryp aan die sekerheid (vaste hoop) dat die Here ons elke môre met sy ontferming verras, so wil Hy ook deur Hosea sy kinders van sy genade verseker.

Israel verdien die vernietigende oordeel van die Here, omdat hulle gedurig op hulle eie planne en eie vermoë vertrou het, en as't ware sonde in hulle samelewing ingeploeg het. Hulle het nie toe eers begin om God se liefde te versmaai nie, maar doen nog steeds sulke "afskuwelike en lae" dinge soos destyds by Gibea (Rigt. 19, 20). Dit is onvermydelik dat dit tot ellende en ongeregtigheid sal lei, en tot die skroeiende oordeel van die heilige God oor koning en volk. Die Here herinner hulle aan die verskriklike verwoesting in die tyd van Salman, waarvan ons niks verder weet nie, maar wat aan hulle bekend was. Hy het die reg om so te oordeel oor hulle afskuwelike sonde waarvan die aanbidding van die goue kalwers by Bet-el en Dan die twee uiterste voorbeelde was.

Maar Hy het 'n beter plan vir sy kinders! Hy wil ons as gewillige dienaars in sy koninkryk gebruik (:11), en roep ons daarom tot radikale bekering. Soos 'n plaasboer 'n stuk grond waar nog nooit gesaai is nie, vir die eerste keer omploeg en 'n nuwe begin maak (lees ook Jer. 4:3), so gee Hy nog kans dat ons nuut kan begin – vandag! Dis nou die tyd om ons idees en dade aan sy geopenbaarde wil te meet en seker te maak dat ons nie net bely dat ons in Jesus sy kinders is nie, maar dat ons ook regtig as verloste kinders ons gehooraam aan Hom wil onderwerp!

Dan verras Hy ons met sy onverdiende seën. Hy laat ons die vrug van sy Gees geniet (Gal. 5:22, 23) as Hy ons weer heel maak!

*Sing: Psalm 51-1:3, 6*

*Ds. GNV (Nico) Botha (Emeritus)*